



KSUT-studente staan leerders van Weltevrede Sekondêr in wiskunde by.

# Studente help gr. 8's met wiskunde

In 'n merkwaardige voorbeeld van student-geleide gemeenskapsbetrokkenheid, het Ashwill Dampies, 'n derdejaarstudent aan die Kaapse Skiereiland- Universiteit van Tegnologie (KSUT) die MOM-projek (Mind Over Matter) gevestig.

Hierdie inisiatief is spesifiek daarop gemik om gr. 8-leerders van die plaaslike hoërskool in Wellington te help om hul wiskunde-vaardighede te verbeter.

Die doelwit van die projek is om die leerders se selfvertroue in wiskunde te versterk en om die aantal leerders wat hierdie vak in graad 10 kies, te verhoog.

Aswhill is 'n oudleerder van die skool en is van mening dat hy wiskunde sou neem as hy net die nodige ondersteuning gehad het, en dit is wat hy nou aan gr. 8-leerders wil bied.

“Ons wil nie net die akademiese prestasie van graad agt-leerders verbeter nie, maar hulle ook aanmoedig om wiskunde as 'n kernvak in hul

akademiese loopbaan te oorweeg,” sê Ashwill.

Die projek poog om leerders deur middel van geskeduleerde sessies op Maandae te help met spesifieke wiskundige konsepte wat hulle moeilik vind, terwyl hulle ook gesamentlike leerervarings bied, wat 'n gevoel van gemeenskap en ondersteuning bevorder.

Iets wat van hierdie inisiatief uitgelig kan word, is die feit dat dit volledig afhanklik is van vrywillige bydraes van studente en die ondersteuning van dosente aan die KSUT. Die projek ontvang geen amptelike finansiering nie, wat 'n uitdaging is. Ondanks hierdie beperkinge, bied die dosente en die universiteit waardevolle ondersteuning.

Sandra Swanepoel, 'n wiskundes dosent aan die KSUT, vervul 'n belangrike rol deur saam met derdejaar-wiskundestudente te help om die leerders se behoeftes die hoof te bied. Sy sê dit is hartverskeurend om na die omstandighede te kyk waaruit baie van die leerders kom en dat finansiële

ondersteuning sou help om die projek beter te bestuur.

Hoewel die projek waardevolle resultate lewer, is dit nie sonder sy uitdagings nie. Administratiewe en finansiële kwessies is voortdurende struikelblokke wat die vooruitgang beïnvloed. Die gebrek aan finansiering bring 'n gebrek aan formele hulpbronne, wat die proses van organiseren en uitvoer bemoeilik.

Tog het skenkings in die vorm van geld en kospakkies om die leerders ná skool te voed, in die winter baie gehelp om die leerders verder te motiveer.

Ten spyte van die hindernisse, bly die betrokkenheid en toewyding van die studente en dosente 'n kritieke bron van motivering en hoop vir die sukses van die projek.

Ashwill het sy vreugde uitgespreek oor die positiewe terugvoer van die leerders en die voortgesette ondersteuning van die universiteit en die gemeenskap. Die projek is 'n leerskool – nie net vir die leerders nie, maar ook vir die studente. Dit leer

hulle die waarde van samewerking ten spyte van verskille, deursettingsvermoë en die uitkoms wat bewerkstellig kan word as almal saamwerk. Die MOM-projek is 'n goeie voorbeeld van hoe studente en akademiese personeel saam kan werk om 'n positiewe invloed op die gemeenskap te hê.

Jamie Warne, ook 'n derdejaarstudent, is tans besig om met twee graad 12-leerders te werk ter voorbereiding van die September-wiskunde-eksamen. Weer eens is dit vrywillig en word sy ondersteun deur Swanepoel en van die derdejaarstudente in wiskunde.

Swanepoel sê sy is so trots om deel te wees van die projek aangesien dit absoluut studentgedrewe is. Sy voel partykeer soos 'n vyfde wiel aan die wa; só goed word die projek deur die studente bestuur.

Ashwill sluit af: “Let's not just be problem identifiers, but problem solvers.”

● Vir nader besonderhede, kontak Monique Frans by 076 012 9607 of stuur e-pos na 222063297@mycput.ac.za

## Parents talk about autism

Boland School for Autism will host a health talk on Wednesday (11 September) at the Paarl Gimnasium Primary School hall at 18:00.

The event will be led by registered dietician Anél Kirsten on the theme “Brain health and the food we eat”.

She will discuss various topics including sugar's impact on behaviour, blood-glucose importance,

gut health and its effects and essential nutrients for brain function.

The event is free of charge and open to all parents.

According to Kirsten the event will especially be valuable for parents of neurodiverse children (ASD, ADHD and so on).

Send an email to bolandadmin@bolandautism.org.za to RSVP.

## Bedelaar-brandpunt weer in kollig na man naak staan

Chantéle Hartebeest

Mense, insluitend kinders, wat op die hoek van Lady Greystraat en Jan van Riebeeck-rylaan bedel, is 'n konstante probleem en veiligheidsrisiko vir motoriste.

Dié brandpunt, waar motoriste gereeld verpes word, is weer in die kollig nadat 'n gereelde bedelaar glo onlangs tydens spitsverkeer halfnaak gestaan het.

“Dit was nie 'n mooi prentjie om iemand se geslagsdele te aanskou terwyl ek moes wag vir die verkeerslig om groen te raak nie. Dit laat 'n mens ongemaklik voel, hoewel dit lyk asof die man nie eens weet sy besigheid hang buite nie. Ná 'n lang dag se gewerk is dit wragtig nie iets wat ek wil aanskou terwyl ek in die verkeer sit nie. Die mannetjie word gereeld op sosiale media geplaas oor hy soms aggressief is wanneer hy nie sy sin kry nie. Iets daadwerkliks sal aan die probleem gedoen moet word, want dit is nie net inwoners wat gebruik maak van daardie pad nie. Dit is nie die manier hoe ons besoekers in ons dorp wil ontvang nie,” sê 'n motoris oor die voorval.

Paarl Post het vroeër oor die probleem berig en die kwessie weer eens by die Drakenstein-munisipaliteit geopper, met verwysing na wetstoepassing by die spesifieke gebied waar bedelary 'n toenemende probleem is.

Eda Barnard, die munisipaliteit se direkteur van openbare veiligheid, het op die navraag geantwoord:

“Die Drakenstein-munisipaliteit se



'n Man wat glo gereeld op die hoek van Lady Greystraat en Jan van Riebeeck-rylaan bedel, het onlangs halfnaak tydens spitsverkeer gestaan en bedel.

wetstoepassingsafdeling doen daadwerklike stappe om hierdie kwessie aan te durf deur die gebiede wat as bedelaar-brandpunte bekendstaan, daaglik vir die oortredings van verordeninge te monitor.

“Indien die publiek enige oortredings van [munisipale] verordeninge bespeur, moedig die munisipaliteit hulle aan om dit alle ure tolvr by die munisipaliteit by 021 807 8508 of 080 131 3553 aan te meld.”

MAST SERVICE (PTY) LTD	ENVIROAFRICA CC
<b>NEMA PUBLIC PARTICIPATION PROCESS</b>	
<b>PROPOSED DEVELOPMENT OF THE 25 M HIGH DIEMERSFONTEIN TELECOMMUNICATION MAST ON PORTION 0 OF THE FARM NO. 1756, PAARL ROAD, WESTERN CAPE</b>	
<p>Notice is hereby given of the intention to submit an application, and the public participation process in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), as amended (“NEMA”), Environmental Impact Assessment (EIA) Regulations, 2014 (as amended). The proposed development consists of a 25 m high Lattice telecommunication mast and associated infrastructure and falls within the ambit of the following activities listed in terms of the EIA Regulations 2014:</p>	
<p>Government Notice R324 (Listing Notice 3): <b>Activity No. 3</b></p>	
<p>*Please note that the listed activities above may change during the course of the application. Registered I&amp;APs will be notified of any changes.</p>	
<p><b>Project Description:</b> EnviroAfrica cc has been appointed by MAST Service (Pty) Ltd to manage the process of applying for Environmental Authorisation for the proposed development of the telecommunication mast and associated infrastructure. The proposed base station will have a total developmental size of approximately 106 m<sup>2</sup> and will include a 25 m high Lattice Mast. The site will be enclosed by fencing for security reasons.</p>	
<p><b>Property Location:</b> The proposed development will be located Portion 0 of the Farm No. 1756, Paarl Road, Western Cape, approximately 2,5 km south-east of Wellington. The site coordinates of the proposed development are 33°40'11.60"S; 19°1'17.30"E.</p>	
<p><b>Public Participation:</b> Interested and Affected Parties (“I&amp;APs”) are hereby notified of the intention to submit an application for environmental authorisation for the above-mentioned development proposal and are invited to register (in writing) as a stakeholder. In order to register or submit comment, I&amp;APs should refer to the name of the proposed development, and provide their name, address and contact details (indicating your preferred method of receiving notification) and an indication of any direct business, financial, personal, or other interest which they have regarding the application, as per the statutory requirements of the Environmental Impact Assessment (EIA) Regulations (2014, as amended) published in terms of the National Environmental Management Act (Act 107 of 1998) (NEMA). You are also requested to pass this information on to any person that you think should be interested/notified. Comments regarding the proposed development, should be submitted to EnviroAfrica cc on or before <b>08 October 2024</b>.</p>	
<p>Please note that only <b>Registered I&amp;APs</b> will be notified of the availability of reports for public viewing and comment, the outcome of the application, the reasons for the decision and that an appeal may be lodged against the decision.</p>	
<p>By registering as an I&amp;AP, you hereby give EnviroAfrica cc the permission to circulate your name and contact details to the relevant stakeholders as stated, per statutory requirements, in line with the Protection of Personal Information (POPI) Act No. 4 of 2013 (as amended), unless otherwise informed, in writing to us.</p>	
<p>Note: A full list of registered I&amp;APs as well as all correspondence with I&amp;APs will be submitted to the competent authority.</p>	
<p><b>Please submit all information and comments as follows:</b> Consultant: EnviroAfrica cc E-mail: zandria@enviroafrica.co.za Tel: 021 8511616 P.O. Box 5367, Helderberg, 7135</p>	